Bos-Bulletin

# Die Gemeentefees is op pad!

## Die basaar vind op 24 Oktober by die kerkgebou plaas

Dis amper weer tyd vir die kerk se jaarlikse basaar. Hierdie jaar gaan daar 'n Gemeentefees op 24 Oktober plaasvind soos wat ons gemeente en die hele gemeenskap van Hartenbos nog nooit gesien het nie!

Die Gemeentefees 2020 gaan 'n manier wees vir ons om fees te vier en vir die Here dankie te sê dat hy ons gemeente so geseën het tydens hierdie moeilike jaar. Covid-19 het almal se lewens omver gegooi en baie van ons dra swaar aan die gevolge daarvan. Daarmee saam het die inperkingstyd dus ook tot 'n mate die aard van die Gemeentefees verander.

Gelukkig laat die nuwe reëls nou al toe dat ons uit ons huise kan gaan en saam met die res van die gemeente by die kerkgebou kan kom kuier op 24 Oktober.

Daar is 'n paar dinge aan die basaar wat 'n bietjie anders gaan werk hierdie jaar. Die gewilde Wit Olifanttafel, byvoorbeeld, gaan al van Donderdag die 22ste aan die gang wees. Van 14:00 tot 18:00 gaan daar al Wit Olifante te koop wees, Donderdag en Vrydag. Dan sal dit natuurlik Saterdag die 24ste ook oop wees vir almal wat by die Wit Olifanttafel tydens die feesdag 'n draai wil maak.

Wat meer is, daar gaan Vrydagmiddag van 13:00 af roosterkoeke beskikbaar wees! Gemeentelede kan dus 'n roosterkoek vooruit koop en dit daardie Vrydag kom optel, en jy't ook die opsie om dit saam met wors of smoor te eet. Heerlik!

Moenie bekommerd wees nie: die klassieke produkte wat nog elke jaar gunstelinge by die basaar is, sal steeds verkoop word. Poeding, koek, klein koekies, brood, beskuit, vrugte en groente en natuurlik pannekoek. Maar daar sal ook kleiner porsies van die produkte beskikbaar wees. In plaas van een groot gebakte koek, sal besoekers byveerbeeld enkele snye koek in wegneembakkies kan koop.

Die teetuin gaan in die binnehof wees, en beide hierdie teetuin en die saal waar die stalletjies gaan wees, gaan pragtig versier word met kleurvolle verf en ballonne. Sodra jy instap, sal jy beslis weet jy's op die regte plek om fees te vier! Jy sal die geleentheid kry om deur die stalletjies te stap soos wat jy deur strate stap. 'n Straat van Genade, byvoorbeeld, met lekkernye langsaan te koop, oral waar jy loop.

Hierdie jaar se gemeentefees is beslis een om op jou kalender te merk. Moet dit nie misloop nie!

# Maak 'n nota hiervan:

### Eredienste

Hierdie week is die derde een wat ons weer 'n erediens Sondag kan hou. Die kerk verwelkom sy gemeente weer terug na die lang maande by die huis, en daar kan tot 250 mens by elke diens hul sitplek kom inneem. Daar is elke Sondag 'n eietydse diens om 08:00 en 'n tradisionele diens om 10:00.

### Dagstukkies op ons app

Onthou om elke dag op die NG Kerk Hartenbos se app in te skakel vir 'n daaglikse oordenking. Dit word geskryf deur ons leraars en voorgelees deur lede uit ons eie gemeente.

Luister gerus in, en ontvang elke dag 'n stukkie inspirasie uit die Here se Woord.

### Nuwe maandblad

Daar is 'n splinternuwe maandblaadjie op pad na die gemeente van die NG Kerk Hartenbos! Hierdie publikasie sal interessante stories en inligting oor die gemeente en ons gemeenskap bevat, en sal tydens die laaste week van elke maand gepubliseer word. Hou dop vir die eerste uitgawe wat einde Oktober sy opwagting maak!